

Maandag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Kolossense 3:15-17

Fokusgedeelte: Kolossense 3:15

Lewe in vrede met mekaar

As jy na jou geloofsgemeenskap moet kyk, na jou gemeente, na gelowige gesinne, dalk jou eie gesin ... sou jy sê Christene lewe in vrede met mekaar? Hoekom of hoekom nie?

God het deur Jesus Christus se dood en opstanding aan ons die nuwe lewe gegee. Daar is nou vrede tussen ons en God. Deel van die nuwe lewe is dat ons een groot Christenfamilie (een liggaam) geword het wat Jesus Christus op aarde verteenwoordig (2 Kor. 5:20) en deur Hom in die wêreld ingestuur word (Joh. 20:21). Hierdie familie bestaan uit alle volke, tale en nasies – almal wat met die mond bely dat Jesus die Here is en met sy hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het (Rom. 10:9).

So, die bedoeling met die Christenfamilie is dat ons al meer vernuwe word deur die Heilige Gees na die beeld van Christus. Dit beteken dat as Jesus Christus vrede bewerk het, vrede verkondig het en vrede vir ons gegee het, behoort ons daardie vrede as geloofsgemeenskap te leef omdat ons lief is vir mekaar (Kol. 3:14). Vrede is tog 'n uitvloeisel van liefde vir mekaar, nie waar nie?

Die vrede wat hier bedoel word, is nie maar net bloot 'n uiterlike afwesigheid van vyandigheid nie, maar is werklik Jesus Christus se vrede wat in ons harte leef. Daardie vrede bepaal dan hoe ons praat, wat ons doen, hoe ons oor ander praat en wat ons dink.

Leef jy in vrede met jou medegelowiges? Is daar dalk iemand met wie jy moet vrede maak? Mag God deur sy Gees jou die krag en die wysheid gee om dit in liefde te doen.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)